# Hoe moet ek dit verstaan? 4

# Is die duiwel se naam regtig Lucifer?

Die kort antwoord op dié vraag is: nee.

“Lucifer” is die Latynse naam vir die planeet Venus, die helderste ster in die hemelruim. In die volksmond word dit die môrester én die aandster genoem, omdat dit net voor sonsopkoms en net na sonsondergang so helder skyn.

In Jes 14:12 word die koning van Babel spottenderwys “die helder môrester” (in die Latynse vertaling “Lucifer”) genoem, en sê Jesaja hy het uit die hemel geval, as beskrywing van sy ondergang. Dit is egter nie ’n direkte verwysing na Satan nie. Daarvoor moet ons na die Nuwe Testament blaai.

In Luk 10:18 verbind Jesus hierdie ster wat uit die hemel geval het, met Satan, en in Op 9:1 en 12:9 kry ons dieselfde gedagte. Daarom het “Lucifer” ’n simboliese naam geword vir Satan voor sy val – ’n engel wat trots geword het en teen God gerebelleer het, en daarom uit die hemel geskop is.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026